ieb assessment matters


# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN

# 2023

# INGENIEURSGRAFIKA EN -ONTWERP

# VRAESTEL 1

PUNTE: 200
TYD: 3 UUR



**SLEGS VIR AMPTELIKE GEBRUIK**

| VRAAG | AFDELING | PUNT | MODEREER | MAKS | KODE |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | SIVIEL-ANALITIES | | | 20 | |
| 2 | INTERPENETRASIE & ONTVOUING | | | 40 | |
| 3 | TWEEPUNT-PERSPEKTIEF | | | 40 | |
| 4 | SIVIELE TEKENING | | | 100 | |
| | TOTAAL | | | 200 | |

GEKONTROLEER DEUR

Plak asseblief die strepieskode-etiket hier.


EKSAMENNOMMER

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |


**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit **6 bladsye** wat die voorblad en **4 vrae** insluit.
2. **AL** die vrae moet beantwoord word.
3. Al die tekeninge is in **Eerstehoekse Ortografiese Projeksie,** tensy anders vermeld.
4. Al die tekeninge moet volgens **skaal 1:1** geteken word, tensy anders vermeld.
5. Al die antwoordblaaie moet in numeriese volgorde vasgekram word, selfs al is die vrae onbeantwoord.
6. Alle **konstruksiewerk** moet getoon word.
7. Skryf jou **eksamennommer** netjies op elke antwoordblad.
8. Gebruik alleenlik die **antwoordblaaie** wat voorsien is.
9. Jou tekeninge moet **netjies** vertoon en **akkuraat** geteken word.
10. Enige afmetings of detail wat ontbreek, moet in **goeie proporsie aanvaar word**.
11. Jou tekeninge moet aan SANS 10143 voldoen.


IEB COPYRIGHT © 2023




FIGUUR A




FIGUUR B




**VRAAG 1**

**SIVIEL ANALITIES**

**BESTUDEER DIE AANGRENSENDE TEKENINGE EN BEANTWOORD DIE VRAE WAT VOLG.**
**DUI DIE OOREENSTEMMENDE LETTER VAN JOU ANTWOORD IN DIE BLOK WAT VOORSIEN WORD AAN.**

| Vraag | | Punt |
|---|---|---|
| 1.1 Watter bakenhoogte is die hoogste op ERF 27?<br>A. 147 B. 146 C. 148 D. 149 | | 1 |
| 1.2 Hoeveel steekoë is daar op ERF 27?<br>A. 1 B. 2 C. 3 D. 4 | | 1 |
| 1.3 Hoe vêr is die boulyn vanaf die grenslyn op ERF 27?<br>A. 2000 B. 2250 C. 1250 D. 2520 | | 1 |
| 1.4 Hoeveel nuwe aanbouings word op die terreinplan aangedui?<br>A. 1 B. 3 C. 2 D. onbekend | | 1 |
| 1.5 Wat word die kenmerk by 3 genoem?<br>A. Onderhoudsgat B. Verpligte gat C. Mangat D. Inspeksiegat | | 1 |
| 1.6 Watter straat is wes van ERF 27?<br>A. Angelstraat B. Josephstraat C. Storystraat D. Pumbastraat | | 1 |
| 1.7 As jy by die trap op loop, in watter rigting loop jy?<br>A. Noord B. Suid C. Wes D. Oos | | 1 |
| 1.8 Wat is die diepte, in meter, van die aansluiting by die munisipale rioollyn?<br>A. 2250 m B. 225 m C. 2,25 m D. 22,5 m | | 1 |
| 1.9 Wat word deur die kenmerk by 1 verteenwoordig?<br>A. Werk moet verwyder word B. Verwyder boom C. Verwyder heining D. Bou buitegebou | | 1 |
| 1.10 Wat word deur die kenmerk by 2 verteenwoordig?<br>A. Plant 'n boom B. Verwyder 'n boom C. Slaggat D. Vuurput | | 1 |
| 1.11 Wat word die kenmerk by 4 genoem?<br>A. Watertenk B. Elektriese meter C. Afvalput D. Wasbak | | 1 |
| 1.12 Wat is die skaal van die tekening?<br>A. 1:150 B. 1:200 C. 1:500 D. 1:250 | | 1 |
| 1.13 Wat bepaal die grootte van die plan wanneer dit op papier geteken word?<br>A. hoogte B. wydte C. tipe D. skaal | | 1 |
| 1.14 Indien die skaal 1:500 was, wat sou die laagste bakenhoogte op ERF 27 wees?<br>A. 1,46 B 146 C. 73 D. 292 | | 1 |
| 1.15 Waarom is die posisie van die nuwe swembad, op ERF 27, nie geskik nie?<br>A. Naby die trappe B. Bo-oor 'n rioollyn C. Naby die straat D. Versper die uitsig | | 1 |
| 1.16 Wat dui die simbool by 5 aan?<br>A. Straat hou aan B. Helling van die straat C. Eenrigtingstraat D. Noordpunt | | 1 |
| 1.17 Verwys na FIGUUR A. Watter voorstelling is die korrekte SANS 10143 simbool vir die vloerplanaansig van 'n spoelkloset?<br>A. A B. B C. C D. D | | 1 |
| 1.18 Verwys na FIGUUR B. Watter voorstelling is die SANS 10143 simbool vir 'n rioolput?<br>A A B. B C. C D. D | | 1 |
| 1.19 In die spasie hieronder, bereken die oppervlakte van die NUWE TUINWOONSTEL in vierkante meter. Rond die antwoord tot TWEE desimale af.<br><br>Antwoord: | | 2 |


20 PUNTE

ANTWOORDBLAD 1

EKSAMENNOMMER

## VRAAG 2

### INTERPENETRASIE EN ONTVOUING




**Gegee:**

- Die ONVOLLEDIGE Vooraansig, volledige Bo-aansig en Regteraansig van 'n regte reëlmatige SESKANTIGE prisma wat deur 'n horisontale SILINDRIESE pyp deurdring word.
- Hulpaansigte van die silinder.

**Teken die volgende:**

2.1 die volledige vooraansig wat die deurdringingskurwe duidelik aantoon,


2.2 die oppervlakontvouing van die 3 reghoekige panele van die seskantige prisma wat die gat duidelik toon. Die reghoekige panele word deur A, B en C hieronder aangedui.

Toon die versteekte detail.
Toon alle konstruksiewerk.
Moet nie die regteraansig teken nie.

**ASSESSERINGSKRITERIA**

Jy sal geassesseer word volgens jou vermoë om die volgende te doen:

- die gegewe te teken 2
- die Vooraansig te voltooi 18
- die nodige konstrusiewerk te toon 2
- die ontvouing te teken 18




| | |
|---|---|
| GEG 2 | |
| V/D 1 | |
| INT 14 | |
| SOL 3 | |
| KON 2 | |
| ONT 18 | |
| 40 PUNTE | |

EKSAMENNOMMER

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

ANTWOORDBLAD 2

IEB COPYRIGHT © 2023

## VRAAG 3

**TWEEPUNT-PERSPEKTIEF**

Die figure toon die drie aansigte van 'n gedeeltelike bedekte stoep en vuurput area.

Teken 'n netjiese tweepuntperspektiefaansig van die stoep en vuurput area.


PV - Prentvlak
HL - Horisonlyn
GL - Grondlyn
SP - Staanpunt

Bepaal en benoem die verdwynpunte.
Toon die nodige konstruksies.
GEEN VERSTEEKTE DETAIL WORD VEREIS NIE.

**ASSESSERINGSKRITERIA**

Jy sal geassesseer word volgens jou vermoë om die volgende te doen:

- die verdwynpunte te bepaal en te benoem 2
- die tweepuntperspektiefaansig te teken 38




| | |
|---|---|
| PTE 40/2 | |
| PTE 4 | |
| Kon 5 | |
| BG 9 | |
| VPE 2 | |

40 PUNTE


EKSAMENNOMMER

ANTWOORDBLAD 3


IEB COPYRIGHT © 2023


## DAKDETAIL

DAKPROFIEL





## DAKKAPDETAIL






## VENSTERDETAIL





## DEURDETAIL






## ONVOLLEDIGE FONDASIE-DETAIL




SKEMATIESE SUIDAANSIG



SKEMATIESE VLOERPLAN

NOTAS:

- Vloerteëls moet vir die hele vloeroppervlak gebruik word.
- Die ingeboude kas het 'n diepte van 525 mm.
- Die oprit en trap lei na 'n landing wat dieselfde hoogte as die finale vloervlak is. Die oprit het 'n helling van 1:5.
- Die finale vloervlak is in lyn met die bokant van die afwerkingslaag.
- Die bokant van die opwasbak is 1188 mm bokant die finale vloervlak.
- Die trap het 'n stygstuk van 150 mm en 'n 200 mm loopvlak.
- Die venster het nie vensterbanke nie.

## VRAAG 4

SIVIELE TEKENING

Beantwoord hierdie vraag op ANTWOORDBLAD 4 (bladsy 6).
Al die tekeninge moet aan SANS 10143 voldoen.

**Die volgende word gegee:**

- Dakdetail
- Vensterdetail
- Deurraamdetail
- Onvolledige fondasiedetail
- 'n Onvoltooide skematiese Suidaansig met
  - ▶ dakhoogtes, grond- en vloervlakke
- 'n Onvoltooide skematiese vloerplan van 'n geteëlde ***TUISKANTOOR*** met
  - ▶ venster- en deurposisies
  - ▶ omtrekafmetings
  - ▶ die posisies van al die toebehore

**Teken die volgende op Antwoordblad 4 volgens 'n skaal van 1:50:**

1) Die **volledige VLOERPLAN**
2) Die **SNITSUIDAANSIG** op die aangeduide snitvlak

**VLOERPLANINSTRUKSIES**

- Teken die volledige vloerplan van die kantoor
- Die volgende veranderinge moet aan die kantoor aangebring word:
  - ▶ Verwyder die deuropening en bou dan toe
  - ▶ Verwyder 'n gedeelte van die binnemuur vir 'n nuwe deuropening
- Teken en arseer alle mure
- Voeg alle vensterdetail in
- Voeg die buitedeurdetail in
- Teken die oprit en landing. Dui die helling van die oprit aan
- Teken die trap en dui die rigting aan
- Voeg die volgende elektriese detail by:
  - ▶ 'n tweebuis, 40 watt fluoresseerlig in die kombuis
  - ▶ 'n enkelpool, muurgemonteerde ligskakelaar vir die fluoresseerlig langs die buitedeur
- Voeg al die toebehore by volgens die korrekte SANS 10143 konvensies, gebruik toepaslike afmetings
- Teken die ingeboude kas
- Benoem die vloerplan en dui die skaal aan
- Teken en benoem snitvlak A-A

**SNITSUIDAANSIGINSTRUKSIES**

- Teken die volledige SUIDAANSIG wat die snit volgens die snitvlak aandui asook die oorblywende buiteaansig
- Voltooi die fondasiedetail
  - ▶ Voeg al die vloerblad en substruktuur se detail by
  - ▶ Gebruik 190 mm-gekompakteerde hardepuinvulsel en 10 mm afwerkingslaag
- Benoem die grondvlak, vogweerlaag en finale/verwerkte vloervlak
- Teken die snit deur die deuropening
  - ▶ Gebruik EEN 242 x 75 mm-betonlatei bokant die deur
- Dakdetail:
  - ▶ Teken die dakkap met 114 x 38 mm-daksparre en 100 x 75 dakkapplate
  - ▶ Gebruik VIER 75 x 38 mm-kaplatte wat toepaslik gespasieer is
  - ▶ Gebruik TWEE 121 x 38 mm-muurplate
  - ▶ Gebruik TWEE 38 x 38 mm-plafonlatte wat toepaslik gespasieer is
  - ▶ Gebruik gegolfde metaalplate vir die dak en 'n 30°-helling
  - ▶ Gebruik 9 mm-gipsplafonborde
- Teken die trap en oprit
- Toon al die arseringdetail
- Benoem die SNITAANSIG

100 PUNTE

IEB COPYRIGHT © 2023

VRAAG 4

SIVIELE TEKENING

ASSESSERINGSKRITERIA

| | | | |
|---|---|---|---|
| | **SNITAANSIG** | | |
| 1 | Plafonlatte | 2 | |
| 2 | Muurplate | 2 | |
| 3 | Plafonbord | 1 | |
| 4 | Dakkapplate | 4 | |
| 5 | Dakkap | 5 | |
| 6 | Kaplatte | 4 | |
| 7 | Daksnit | 1 | |
| 8 | Muursnitte | 4 | |
| 9 | Deursnit van deur | 4 | |
| 10 | Vloer en fondasie | 6 | |
| 11 | VWL, NGV, FVV Benamings | 3 | |
| 12 | Arserings | 9 | |
| 13 | Buitemure | 2 | |
| 14 | Dakdetail | 5 | |
| 15 | Wasbakeenheid | 2 | |
| 16 | Trap en oprit | 4 | |
| 17 | Benaming | 1 | |
| | **SUBTOTAAL** | 59 | |
| | **VLOERPLAN** | | |
| 18 | Mure | 11 | |
| 19 | Arsering | 5 | |
| 20 | Venster | 2 | |
| 21 | Deur | 4 | |
| 22 | Trap | 2 | |
| 23 | Oprit | 5 | |
| 24 | Ingeboude kas | 1 | |
| 25 | Toebehore | 4 | |
| 26 | Elektries | 3 | |
| 27 | Benamings | 2 | |
| 28 | Snitvlak | 2 | |
| | **SUBTOTAAL** | 41 | |
| | **TOTAAL** | 100 | |

ANTWOORDBLAD 4

EKSAMENNOMMER

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

IEB COPYRIGHT © 2023